N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Beste Lidmaat

Nuusbrief: N.G. Oudtshoorn-Welgeluk: 3 Mei 2020.

Hieronder is die besonderhede van Sondag se Erediens en ander algemene inligting.

Soos reeds aan u gekommunikeer is daar besluit, dat gegewe die Korona-virus pandemie, daar geen formele eredienste by N.G. Oudtshoorn-Welgeluk sal wees, tot na verdere kennisgewing, soos deur wetgewing vereis.

Die eredienste word wel vooraf opgeneem en word op You tube, Soundcloud en Facebook gelaai en benewens dit sal u elke Vrydag die betrokke skakels na die opnames v.d. eredienste via e-pos, en/of whatsapp ontvang

Op Paassondag het ons die Here Jesus se opstanding gevier. Die volgende paar Sondae tot en met Hemelvaart gaan ons in plaas van die klokke om 09:00 te lui by die kerk `n trompetgeskal uitsaai om juis die opstanding van die Here Jesus Christus te vier en aan te kondig. Hou die horlosie dop en luister om 09:30.

Die erediens van 3 Mei se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

https://youtu.be/rui6vu0ZEio

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Facebook live

https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/2872068666234655/

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"

https://soundcloud.com/user-614749129/3-mei

Besonderhede van die erediens is soos volg:

Erediens op Youtube: 3 Mei 2020
Prediker: Ds. Andries Potgieter
Teks: Lukas 24: 36 – 48
Tema: Jesus se hande en voete vertel 'n storie.

36. Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!"

37. Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees.

38. Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte?

39. Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie."

40. Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete.

41. Toe hulle van blydskap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: "Het julle hier iets om te eet?"

42. Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis. 43. Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet.

44. Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is."

45. Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.

46. Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47.en in sy

Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.'

48. Julle is getuies van hierdie dinge."

UITNODIGING

'n Reis deur die evangelies van Markus, Matteus, Lukas en Johannes saam met Professor Stephan Joubert.
Vier Evangelies; Vier weke: 22 April – 13 Mei

As gevolg van die grendeltyd wat ingestel is vanweë die Korona virus pandemie was die kerkraad wetlik genoodsaak om alle kerklike aktiwiteite insluitende bybelstudie byeenkomstes tot tyd en wyl te staak.

Elke donker wolk het egter 'n silwerrandjie. Professor Stephan Joubert, die gesaghebbende en baie bekende akademikus en skrifgeleerde het goedgunstiglik ingestem dat Welgeluk sy onlangse bybelstudiereeks oor die vier evangelies naamlik Markus, Matteus, Lukas en Johannes vir die doel mag gebruik.

Dit bestaan uit vier video-opnames waartydens elke evangelie op 'n baie praktiese, interessante en verstaanbare manier aangebied word. Vir diegene met beperkte data word daar ook soundcloud opnames beskikbaar gestel.

Dus sal die reeks in drie formate naamlik Youtube, Facebook live en Soundcloud beskikbaar wees.

Beginnende 22 April met die evangelie van Markus, en dan die daaropvolgende Woensdae word 'n evangelie weekliks geplaas sodat almal voldoende tyd het om na die opnames deur die daaropvolgende week te kyk/luister.

Almal in die gemeente word hartlik uitgenooi om saam hierdie baie interessante en insiggewende reis saam te onderneem en word hartlik uitgenooi om die reeks ook aan familie en vriende bekend te stel.

<u>Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:</u>

- Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
- Johanna Kriel Rademeyerstraat 43A;en
- Chris Hechter Rademeyerstraat 29;

Ons bid vir die volgende sake:-

- uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg geraak word deur die voortslepende droogte asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
- Ons is baie dankbaar vir die reën wat die afgelope week in ons streek geval het;
- maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
- moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en
- in die besonder die korona-virus pandemie.
  - o Sodat die virus nie verder sal versprei nie
  - o Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is
  - o Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het
  - o Al die gesondheidspersoneel
  - o Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur

Baie geluk aan die 70 Plussers wat die afgelope tyd verjaar het of gaan verjaar:

Phillip Fourie 08 April	Martha Holt 08 April
John Scott 13 April	Babe Botha 17 April
Koos Le Roux 17 April	Stella Tait 17 April
Johan Bredell 18 April	Issie du Plessis 21 April
Neels Niehaus 25 April	Anita Fourie 26 April
Mercia Masuret 26 April	Baba Botha 28 April
Alida Horn 03 Mei	Thea Lombard 04 Mei
Anien Louw 04 Mei	Soon Potgieter 05 Mei

Ons Webtuiste en Facebookblad!

Die skakels is:

http://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za/

https://www.facebook.com/NgGemeenteWelgelukOudtshoorn.

U word ook vriendelik uitgenooi om ons eie webtuiste asook Facebook blad te besoek deur op bogenoemde volgende skakels te "click".
Dit is nie ‘n vereiste om ‘n Facebook lid te wees om toegang tot die blaaie te verkry nie!! Toeganklik vir ‘n ieder en elk!! U is ook welkom om u vriende na die blaaie te nooi.

Om maklik op Oudtshoorn-Welgeluk se webtuiste uit te kom of om na vorige preke te kyk. "Click" net op die "kom meer te wete" blokkie bo aan die Facebook blad en u sal na ons webtuiste geneem word. Vorige eredienste kan daar onder media by video's gesien word. Daar is al meer as een honderd preke daar op rekord.

Voorstelle en kommentaar op die blaaie, asook die nuusbrief is welkom. Dit kan gedoen word deur net op die E-pos te antwoord.

Dit staan u ook vry om die e-pos na u e-pos kontakte of vriende en familie aan te stuur.

Sou u vir die een of ander rede nie die weeklikse nuusbrief elektronies wil ontvang nie, kan u die kerkkantoor met so ‘n versoek e-pos, by ngwelgeluk@telkomsa.net waarna u naam van die e-pos verspreidingslys verwyder sal word.

Welgeluk Groete !

Andries Potgieter
084 514 2178